BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 1/2018

21 September 2018

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuwe BenguFarm opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Het jy geweet?**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering

Ons is BAIE opgewonde oor nuwe funksies en verslae wat onlangs ontwikkel is. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v21 Sep 2018) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en sodoende die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Indien jou BenguFarm-weergawe tans v16 Jul 2018 is** (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kan jy BenguFarm opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm. Gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf web.
- **Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is**, volg onderstaande stappe om die nuutste opgradering af te laai en te installeer. **Kontak gerus jou BenguFarm agent vir hulp, indien nodig.** Nadat BenguFarm op hierdie wyse opgradeer is, sal die web-opdaterings funksie in BenguFarm [Lêer > Opgradeer vanaf Web] weer werk vir toekomstige opdaterings.
  - Maak 'n rugsteun van jou BenguFarm databasis(se).
  - Maak die BenguFarm program **toe**.
  - Gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates.
  - Laai die lêer **BenguFarm Update v21-09-2018.exe** soos gewoonlik af op jou rekenaar, naamlik regs kliek op die opgradering skakel en "Save link/target as...". 'n Klein skerm sal oopmaak waar die gebruiker kan kies waar die update lêer gestoor moet word. Sodra die plek gekies is, kliek op "Save" om te begin die lêer af te laai. Let op waar die lêer gestoor word.
  - Sodra die aflaai voltooi is, moet die self-onttrekking ("self-extracting") zip lêer uitgevoer word. Kies "Run" van die "Download Complete" dialoog. (Die "Download Complete" dialoog word vertoon deur die webblaaier sodra die lêer aflaai voltooi is). Windows mag moontlik 'n sekuriteit waarskuwing gee en die gebruiker vra of die lêer moet "run" of nie. Kies die "More info" en/of "Run" / "Run anyway" om die opgradering te installeer.

- Die opgradering lêer sal outomaties die BenguFarm installasiegids soek en al die nodige lêers opgradeer. Wag totdat die "Update Installed" boodskap vertoon worden kliek dan op OK. Onthou om jou antivirus sagteware weer te aktiveer indien jy dit tydelik gede-aktiveer het.
- Maak BenguFarm oop en kyk of die nuwe weergawe inderdaad geïnstalleer is. (Die weergawe inligting vertoon aan die bokant van die hoofskerm. Dit moet wees **BenguFarm™ [Module] v21 Sep 2018**).

Wat is nuut in die 21 Sep 2018 opgradering?

All modules:

- **BELANGRIK:** Algemene Kudde Kostes aantekenskerm: Aanteken van kostes soos arbeid, diesel, Stamboek fooie, genootskap fooie, ens. [Ander Data > Algemene Kudde Kostes]
- **BELANGRIK:** Kudde Uitgawes en Inkomste Opsomming verslag: Bereken die inkomste en uitgawes vir die betrokke kudde per item vir 'n spesifieke tydperk (bv. vir 'n sekere jaar) [Verslae > Kudde Ontleding > Kudde Uitgawes en Inkomste Opsomming]
- **BELANGRIK:** Kudde Produksie Opsomming verslag: Bereken die totale en gemiddelde produksie van die betrokke kudde vir 'n spesifieke tydperk (bv. vir 'n sekere jaar) vir 'n aantal parameters, bv. totale en gemiddelde speengewig, en vergelyk dit met 'n langtermyn tydperk [Verslae – Kudde Ontleding > Kudde Produksie Opsomming]
- **BELANGRIK:** Weiding Benutting per Kamp verslag: Bereken onder andere die aantal dae, -diere en –GVE (grootvee-eenhede) per kamp vir 'n gekose tydperk. Hierdie verslag kan handig gebruik word vir weidingsbestuur. [Verslae > Kampe en Kuddes > Weiding Benutting per Kamp]
- **BELANGRIK:** Hoofskerm > Kudde Uitleg:
  - Verskeie velde en afdelings bygevoeg.
  - Kan ook *individuele kolomme* aan- of afskakel. Kliek op Vertoon Opsies, kies die velde wat jy wil sien en kliek op Stoor
  - Kan kriteria opstel om sekere data van diere te merk, bv. diere wat meer as 400 dae laas gekalf/lam het en om rangordes op te stel. Sien Hoofskerm > Hulp > Kudde Uitleg > Stap 6 – Stel Verligting Op
  - Kan uitleg opsies stoor [Vertoon Opsies > Stoor/Laai Uitleg]
  - Vertoon Groepe van Kategorie opsie bygevoeg [Vertoon Opsies > Kudde Uitleg Opsies > Vertoon Groepe van Kategorie > Kies kategorie]
- **BELANGRIK:** Intrek van DNA geverifieërde ouerskappe vanaf Clinomics lab [Data Stuur/Opneem > Opneem > Clinomics DNA Resultate]
- **BELANGRIK:** Dekkings en Dragtighede verslag: Opsomming bygevoeg met Aantal Diere Gedek, Aantal Diere Ondersoek, Aantal Diere Dragtig, % Diere Dragtig [Verslae > Dekkings, Dragtighede en Kalwings/Lammings > Dekkings en Dragtighede]
- **BELANGRIK:** Lys van diere in kamp lys wat nie teen sekere siektes ingeënt is nie: [Verslae > Siektes, Voorkoming en Behandeling > Inentings, Doserings en Aanvullings > Kies Kamp en "Nie Geënt/Dosering of Aanvulling Ontvang Nie"]. Kan ook 'n werklys skep.
- Diergetalle en –Waardes verslag: Diergetalle per Kamp Uitleg opsie bygevoeg om die aantal diere per kategorie per kamp te kan sien
- Kampaktiwiteite skerm: Totale koste word outomaties bereken as aktiwiteit gekoppel is aan 'n item in Diverse Voorraad
- Vertoon opsies: Opsie om verslae in die Verslae-kieslys te verberg wat nie gebruik word nie
- Hoofskerm "refresh" outomaties nadat kalwings gestoor is
- Opsie om Kudde Uitleg te kies as verstek ("default") hoofskerm uitleg [Vertoon > Gebruik Kudde Uitleg as verstek ("default") Hoofskerm Uitleg]
- Verlies bedrag (diere dood, gesteel):
  - Aanteken op Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm
  - Bygevoeg op Aanteken op Verkope, Vrektes en Uitskotte verslag
  - Bygevoeg op Diergetalle Rekonsiliasie verslag
- Kan nuutste handleiding (aflaai en) oopmaak vanuit BenguFarm program [Hoofskerm > Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding)

- Kan historiese reënval data intrek vanaf Excel (csv)
- Dier genomiese getoets: Teken aan by Ander Data > Prosedures
- Stamboom en Nageslag Foto Blaaier verslag [Hoofskerm > Dier Uitleg > Fotos > Stamboom en Nageslag Foto Blaaier]
- Kalwing skerm > Na Geboorte Opmerkings: Kan nou opmerkings aanteken vir alle rasse
- Veearts Netwerk integrasie [Toevoegings > Veearts Netwerk]
- FAN Meat Nr verander na Naspeurbaarheid Nr
- Potensieële Probleme met Dekkings: Multi-verander funksies bygevoeg vir Aanvaar, Verwyder en Behou
- EIDs van onaktiewe diere verwyder: Lys van diere word gegee om te kontroleer voordat EIDs finaal verwyder word
- Dragtigheidsondersoek skerm: Opmerkings veld bygevoeg
- Tru-Test XR5000 Integrasie: Opsie om nie-aktiewe diere van skaal te verwyder
- Kan embrio skenkers merk as Ova Skenker

BEEF and SHEEP & GOATS Modules:

- **BELANGRIK:** Teelkudde Seleksie verslag: [Verslae > Inspeksie en Seleksie > Teelkudde Seleksie]
  - Kan kies watter teelwaardes om te merk
  - Kan teelwaardes of teelwaardes-indekse kies
- **BELANGRIK:** Kuddelys verslag: Kommersiële uitleg opsie bygevoeg [Verslae > Dierlyste en -getalle > Kuddelys]
- RFID Experts APR500 Leser:
  - Gebruikers kan nou self take verander
  - Voorsiening is gemaak vir die intrek van addisionele take.

BEEF Module:

- Ankole ras – Kan horingmetings aanteken
- Unistel DNA Diensaanvraagvorm: Wagyu-spesifieke vorm
- "Reproficiency" verslag bygevoeg – slegs beskikbaar vir Hereford & Tuli rasse
- Verstek Minimum Periode Dragtig en Maksimum Periode Dragtig verander na 269 dae en 297 dae onderskeidelik

SHEEP & GOATS Module:

- **BELANGRIK:** Intrek van Döhne Merino Telersgenootskap data [Data Stuur/Opneem > Opneem > Databasis > Döhne Merino Genootskap]
- **BELANGRIK:** Vleismerino data (dbf lêer) intrek – kan nou nuwe diere intrek sonder om status van bestaande diere te verander. Let wel: Die leêr wat vanaf die SA Vleismerino Telersgenootskap ontvang is moet eers hernoem word na "SP1hoof.dbf" (Dbase Data File) [Data Stuur/Opneem > Opneem > Databasis > Skaap DBF Data]
- **BELANGRIK:** Dekbare Ooie verslag: Opsie "Sluit Diere Gedek, maar (nog) nie vir Dragtigheid Ondersoek nie, Uit" bygevoeg
- **BELANGRIK:** Intrek skerm vir intrek van Woltoetsburo resultate bygevoeg [Data Stuur/Opneem > Opneem > WTB Wolresultate]
- Intrek skerm vir Mobile Sheep (Livestock) sagteware se data bygevoeg [Data Stuur/Opneem > Opneem > Databasis > Mobile Livestock Data]
- Kan skeerdata intrek vanaf Excel (csv)
- Punting van eienskappe vir Van Rooy skaapras bygevoeg [Ander Data > Puntings]
- Teelkudde Seleksieverslag: Opsie Teelwaarde Simbool is 'n Indeks bygevoeg [Verslae > Inspeksie en Seleksie > Teelkudde Seleksie]
- Ooi Produktiwiteit Seleksie verslag: Nuwe opsies bygevoeg [Verslae > Inspeksie en Seleksie > Ooi Produktiwiteit Seleksie]

GAME Module:

- **BELANGRIK:** Renosters (slegs sigbaar indien die spesie wit- of swartreonster is):
  - Voorste Horing Lengte *Agter* en Agterste Horing Lengte *Agter* mates bygevoeg [Opstellings > Eienskappe per Spesie]
  - Horing Register - Verskeie velde bygevoeg en verander [Ander Data > Renosterhoring Register]
- NRF/NZG DNA lab Diensaanvraagvorm bygevoeg [Data Stuur/Opneem > Stuur > DNA Profieleringdienste Vorms > NRF/NZG DNA Dienste]

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir algemene bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon:

BEEF module:

- Inleidende kursus 20-21 November 2018, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 22-23 November 2018, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 27-28 November 2018, Pretoria 2018. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 29-30 November 2018, Pretoria 2018. Aanbieding in Engels.
- Inleidende kursus 12-13 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 14-15 Februarie 2018, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 25-26 September 2018, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 27-28 September 2018, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 5-6 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 7-8 Februarie 2018, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Besig met beplanning van kursusse in Limpopo provinsie.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na leslie.bergh@vodamail.co.za en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met al die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules is opgedateer om voorsiening te maak vir al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan met webblaaier na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Het jy geweet?

Die BenguFarm hoofskerm het twee opsies, naamlik die Kudde Uitleg en die Dier Uitleg. Om te wissel tussen die twee opsies, kliek aan die linkerkant van die skerm op Kudde Uitleg of Dier Uitleg.

Die new Kudde Uitleg is 'n BAIE gewilde nuwe opsie, nie alleen om belangrike data van 'n groep diere in tabel formaat op te kyk nie, maar talle ander baie handige funksies.

- **Om die nuutste/opgedateerde data te sien**, kliek op Verfris Skerm.
- **Om data in kolomme volledig te vertoon**, kliek op Outo Wydte.
- **Om te kies watter data vertoon moet word**, kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kies die betrokke afdelings of velde.

    - Onder die hofie Stoor/Laai Uitleg, kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek om die keuse as die verstek opsies vir die betrokke kudde te stoor.
    - Onder die hofie Stoor/Laai Uitleg, kliek op Stoor Uitleg As om ‘n uitleg te stoor of op Laai Gestoorde Uitleg om ‘n uitleg te laai.
- **Om ’n spesieke dier (of moeder of vader) se data in die Dier Uitleg hoofskerm uitleg te sien**, kliek op die betrokke dier se ID nommer. Om terug te gaan na die betrokke dier in die Kudde Uitleg, kliek op die Kudde Uitleg skakel.
- **Om rekords te groepeer**, kliek op die kolomopskrif en hou die muisknoppie in. Beweeg nou met die muis na die oop gedeelte aan die bokant van die verslag waar daar staan “Trek ’n kolomopskrif hiernatoe om volgens daardie kolom te sorteer” en los die muisknoppie. Die kolomnaam sal nou in hierdie oop gedeelte vertoon word. Om die groepering te verwyder, regs kliek op die kolomopskrif en kies "UnGroup".
- **Om rekords te sorteer**, kliek op die betrokke kolom se opskrif. Om in die omgekeerde volgorde te sorteer, kliek 'n tweede keer op die betrokke kolom se opskrif. Om volgens verskeie kolomme gelyktydig te sorteer, hou die SHIFT sleutel op die sleutelbord in en kliek op die betrokke kolomopskrifte.
- **Om rekords te filter**, kliek aan die regterkant van ‘n kolomopskrif op die filter knoppie. ‘n Lys met al die waardes wat in daardie kolom voorkom sal vertoon word. Om slegs rekords te vertoon wat 'n spesifieke waarde het, kliek op daardie waarde. Daar kan ook op "(Custom)" gekliek word. 'n Skerm sal oopmaak waar byvoorbeeld gekies kan word om om alle rekords te vertoon met 'n waarde groter as 'n sekere waarde. Let op dat meer as een kolom op 'n slag gefilter kan word. Om 'n spesifieke kolom se filter af te haal, kliek op "(All)" by die filter opsies van die betrokke kolom.
- **Om sekere data van diere te belig** “highlight” (bv. koeie met ’n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae), kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kliek dan bo-aan die Vertoon Opsies skerm op Stel Kuddeuitleg Verligting Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure).
- **Om sekere data** (bv. Natuurlike Dekkings, Kunsmatige Inseminasies, Verander Diere (Tabel Formaat) of Verkope, Vrektes en Uitskotte) **aan te teken vir ’n groep diere**, merk die betrokke diere in die “K” kolom en kies die betrokke aantekenskerm uit die menu aan die bokant van die skerm of kliek die ooreenstemmende ikoon.
- **Om diere te koppel aan ’n groep**, merk die betrokke diere in die “K” kolom en kliek op Koppel Diere aan Groep.
- **Om diere in die My Verslae skerm te vertoon**, merk die betrokke diere in die “K” kolom en kliek op Vertoon in My Verslae.
- Vir stap-vir-stap hulp met die Kudde Uitleg, gaan in die hoofmenu na **Hulp** > Hulp met Hoofskerm > Kudde Uitleg.

Wenk: Om die Kudde Uitleg (in plaas van die Dier Uitleg), **te kies as die verstek uitleg vir die hoofskerm**, gaan na Vertoon en kliek die Gebruik Kudde Uitleg as verstek Hoofskerm Uitleg opsie.

oOo